

Sondag 12 Mei

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16 – 5:10

Fokusgedeelte: 4:16-17; 5:7

Vorberei vir die ewige lewe

Paulus gebruik hier woorde wat mekaar kontrasteer. In 5:3-4 hoor ons die woord “sug”/ “kreun”. In 4:16 hoor ons “vergaan”. Vers 17 gebruik die woord “verdruk”. Dit beskryf die verganklike lewe hier. In kontras hiermee hoor ons dat hy tog die woord “moed” gebruik. Drie maal sê hy, “ons bly vol moed” (4:16; 5:6, 8). Hoe?

Ons vind hier twee dinge wat ons help om moed te hou:

- 4:17: “Ons ... verdrukking *bewerk* (tans) vir ons ... ewige heerlikheid.” Die kontras is duidelik: Die dinge wat ons nou beleef, is lig en gaan verby. God het in ruil hiervoor ’n swaar en allesoortreffende heerlikheid vir ons beloof. Dis die ewige lewe by Hom deur Jesus! God het die vermoë om ons teenwoordige swaarkry in te span as deel van daardie belofte. In 5:4 sê Paulus: “Wat sterflik is, moet verteer word deur die lewe.” As ’n mens iets insluk, verdwyn dit nie net nie, dit dra by tot jou gewig. So sorg God dat ons huidige swaarkry nie verniet is nie – dit dra ook by tot gewig van ons ewige heerlikheid.
- As jy in Jesus glo, is God nie nét besig om beproewings te gebruik om die gewig van jou ewige heerlikheid op te hoop nie, Hy het jǒú ook reeds daarvoor voorberei. In 5:5 sê Paulus: “Hy wat ons juis hiervoor voorberei het, is God wat aan ons die Gees as waarborg gegee het.” Hoor u? Dis reeds afgehandel – as jy in Jesus glo, is jy ook voorberei vir die ewige lewe. Dis joune! Die Heilige Gees is God se deposito. Hy verseker ons dat ons finaal herstel sal word wanneer Jesus weer kom.

Sing: Lied 514:1, 2

Ds. J (Hanno) van Schaik (Burgersdorp)